

Hoofstuk van die dag: Rigters 1

> *Die mense van Aser het tussen die Kanaäniete wat daar gebly het, gaan woon, want Aser het hulle nie verslaan nie. (vers 32)*

Die boek Rigters begin waar dit groot veggeneraal Josua dood

is. Soos dit ongelukkig dikwels gaan, kom daar ná ’n tyd van groot sukses en oorwinning ’n tyd van kwesbaarheid. Mense verslap hulle waaksaamheid. Dit kan tot heelwat probleme en selfs verval lei.
Dit is die verhaal van die Rigtertyd, wat ook al Israel se Donker Eeue genoem is. Morele en maatskaplike anargie tree in, en die kern van die probleem was dat gehoorsaamheid aan God en sy wet ontbreek het. Elkeen doen wat reg is in sy eie oë (Rig 21:25).
Ons sien die verval reeds in hoofstuk 1, waar die stamme nie daarin kon slaag om die land behoorlik te verower nie. Berig ná berig vertel die verhaal, en hierin het die kiem van hulle probleme gelê. Die ander volke se vreemde kultuur en afgodsdiens het uiteindelik vir Israel ’n te groot versoeking geword. Dit het Israel van God afvallig laat word.
Die waarskuwing van hierdie hoofstuk is dat ’n mens nie saam met goddeloosheid kan leef en dink jy gaan ongeskonde anderkant uitkom nie.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026